die erfenisstigting

Maatskappyprofiel: Bewaringsdienste

BEWARINGSBESTUURSDIENSTE

Die Erfenisstigting (ES) is passievol om die verlies aan ons kulturele, historiese en natuurerfenis te voorkom. Ons verstaan dat daar ‘n balans tussen onbeheerde ontwikkeling en die bewaring van ons land se kosbare, gedeelde erfenis moet wees

Algemene oorsig
Die ES het in 2002 tot stand gekom as ‘n nie-winsgewende maatskappy met die doel om verwaarloosde erfenishulpbronne van vernietiging te red.

***Ons besit en bestuur**:*
•**Die Erfenissentrum**, Voortrekkermonument Erfenisterrein (Gauteng)
•**Danie Theron Monument**, Fochville (Gauteng)
•**Mahikeng konsentrasiekampbegraafplase** (Noord-Wes)
•**Kroonstad konsentrasiekampbegraafplaas** (Vrystaat)
•**Retiefklip**, Kerkenberg (Oos-Vrystaat)
•**Bloukrans monumentterrein** (KwaZulu-Natal)
•**Karel Landman Monument**, Alexandria (Oos-Kaap)

Ons bestuur:
Doornbult konsentrasiekampterrein, Hopetown (Noord-Kaap)
Louis Tregardt Gedenktuin, Maputo (Lourenco Marques)
O’ Neil’s Cottage, Majuba (KwaZulu-Natal)
Boekenhoutfontein, Rustenburg (Noord-Wes)

Ad hoc -projekte

Die ES raak gereeld op versoek betrokke by die oplos van bewaringsuitdagings. (Sien Aanhangsels B en C)

Dienste

Gebaseer op die ES se unieke kombinasie van vaardighede, ervaring, vennootskappe en fasiliteite, is ons uitstekend geposisioneer om verskeie dienste te lewer en projekte te bestuur. Ons eie argief- en biblioteekdiens bied aan ons toegang tot navorsingsfasiliteite en bronne regoor die wêreld.

Erfenisimpakstudies (veral argivale navorsing en verslae)

•Deur middel van samewerkingsooreenkomste skakel die ES in by ‘n netwerk van kundiges soos gemeenskapskonsultante; argeoloë, bewaringsbestuurders, kultuurhistorici, historici, ekoloë en argitekte.
•Projekbestuur van impakstudies
•Argief- en bronnenavorsing
•GIS -kartering
•Argeologiese opnames en opgrawings
•Omgewings- en ekologiese bestuur
•Gemeenskapskonsultasie
(Sien aanhangsel A)

Restourasie en instandhouding van erfenisterreine en strukture

Verskeie diverse projekte wat die restourasie van historiese huise, monumente en grafte, asook die skuif van openbare beeldhouwerke insluit, is suksesvol hanteer. Bykans 40 Anglo-Boereoorlogterreine is tussen 2011 en 2014 gerestoureer en in stand gehou ingevolge ‘n samewerkingsooreenkoms met die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap.
(Sien aanhangsels B en C)

Argeologiese projekte insluitend verskuiwing van menslike oorskot en historiese grafstene

Die ES het sedert 2007 verskeie sensitiewe aangeleenthede rondom die opgrawe van menslike oorskot, verskuif van grafte en oorskot, asook navorsing in die verband gefasiliteer en hanteer.
(Sien aanhangsels B en C)

LIDMAATSKAP VAN PROFESSIONELE ORGANISASIES

Suid-Afrikaanse Museumvereniging (SAMA)
Internasionale Raad vir Monumente en Terreine (ICOMOS)
Internasionale Assosiasie vir Impakassessering (IAIA)
Internasionale Raad vir Museums (ICOM)
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis (SAVK)
Antropologie Suid-Afrika (ASnA)

Ons personeel dien landswyd op uitvoerende komitees van professionele organisasies en op museumrade. Ons is ook goed verteenwoordig op ministeriële en adviespanele (op 'n ad hoc-basis). Van ons personeel is betrokke by die koördinering en aanbieding van opvoedkundige programme in bewaring aan tersiêre instellings.

VENNOTE EN MEDEWERKERS

- A Pelser Archaeological Consulting
- Balthi@3design
- Ditsong Nasionale museums
- Freedom Park
- Heritage Contracts and Archaeological Consulting
- Insignien Designs
- Khensani Heritage Consultants
- Midturion Information Consultants
- Nasionale Museum, Bloemfontein
- Noordwes Universiteit
- Oorlogsmuseum van die Boererepublieke
- Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap
- Msunduzimuseum, Pietermaritzburg
- UNISA
- Universiteit van Pretoria

KONTAK ONS

Posadres:
Posbus 1514
Groenkloof
0027

Fisiese adres:
Die Erfenissentrum
Monumentkoppie
Groenkloof
Pretoria

Navrae:
Tel 012- 323 9050/ 012 325 7885

Bewaringsdienste: Cecilia Kruger — bewaring@es.org.za
Museum- en projekdienste: Riana Mulder — museum@es.org.za
Navorsings- en taaldienste: Estelle Pretorius — navorsing@es.org.za
Die Afrikaanse Winkel: Hannetjie Gerber — winkel@es.org.za
Biblioteek: Malene Schulze — bib@es.org.za
Argief: Zabeth Botha — argief@es.org.za
Skakelbeampte: Lizette Jansen — info@es.org.za
(ook navrae oor fasiliteite)

www.es.org.za
Volg ons ook op Facebook: Die Erfenisstigting

die erfenisstigting